daarin, skitter. Maar dan soos wat sterre maar nog altyd doen.

Resensent: Charl-Pierre Naudé

BOEKE-INSIG SÊ: 'n Vermaarde vakman wat liefhebbers van konvensionele poësie nie sal teleurstel nie. Maar moenie soek vir aardskuddende oorspronklikheid nie.

The Girl with the Dragon Tattoo



Stieg Larsson
Quercus (R179)

OPENINGSIN: "It happened every year, it was almost a ritual."

DIE STORIE: Henrik Vanger se kleinniggie Harriet het in 1966 verdwyn en hy stel 30 jaar later vir Mikael Blomkvist, 'n joernalis, aan om uit te vind wat van haar geword het. Blomkvist gaan woon vir 'n jaar op Hedeby, die eiland waar van die Vangers laer getrek het, onder die voorwendsel dat hy 'n biografie oor Henrik skryf. Halfpad deur die boek sluit Lisbeth Salander, 'n mishandelde jong meisie en 'n behendige kuberkraker, haar by Blomkvist aan en dié onpaar span saam.

MENING: Die oënskynlik lig-in-die-broek-storie word oor 533 bladsye ingekleur, uitgerek en lekker sappig opgedis – en in die proses skaar Stieg Larsson hom by die lys van Swede wat die wêreld telkens oorrompel en die hoogspringlat 'n raps hoër stel.

Soos gesoute aanhangers van goeie speurverhale weet, lê die lekker van die lees dikwels nie in die raaisel nie, maar in die karakters. Larsson se Blomkvist is 'n effens wanaangespaste dog gerespekteerde speurjoernalis by 'n finansiële tydskrif, en ons ontmoet hom wanneer hy teen die toue is: gedagvaar weens laster. Henrik Vanger oorreed hom om sy kleinniggie se verdwyning te ondersoek deur inligting oor die nyweraar wat hom dagvaar soos 'n wortel voor sy neus te hou. Die meisie met die tatoeëermerk is Lisbeth Salander: intens privaat, liggaamlik uitgebuit en met 'n meesleurende drang om selfbehoud. Lisbeth se band met Blomkvist herinner aan dié van 'n optelhond met sy weldoener.

Die oorspronklike Sweedse, myns insiens sterker, titel van die boek is *Mans wat vroue gehaat het*, 'n verwysing na een van die temas van die boek en een van Larsson, 'n voormalige joernalis, se belangstellings: vrouemishandeling en slagoffers se wil om te oorleef.

Dat Larsson self 'n raaisel is – kort voordat dié eerste boek in die trilogie gepubliseer is, is hy aan 'n hartaanval dood – mag deels vir die sukses van dié roman verantwoordelik wees, maar ek gaan vir Blomkvist en sy afvlerk-spanmaat mis soos ek vir John Rebus mis.

Resensent: Erla Rabe

BOEKE-INSIG SÊ: Ons tel die slapies totdat *The Girl Who Played with Fire*, die tweede boek in die reeks, hier uitgereik word.

The One That Got Away



Zoë Wicomb
Umuzi (R152)

OPENINGSIN: "Grant Fotheringay is at a loose end."

DIE STORIES: 'n Bundel kortverhale waarin verskillende karakters hulle in kultureel verbysterende situasies bevind.

Die stories speel meestal in die Kaap en in Glasgow af, met Suid-Afrikaners en Skotte wat saam in verwarrende tonele beland, die teelaarde vir misverstande.

Die karakters – huiswerkers en ander werkersklasfigure, akademici en kunstenaars – skaaf in hierdie wrywingsituasies aan hulle kulturele grense en besin dan daaroor.

So, byvoorbeeld, is daar die Skotse akademikus wat in Kaapstad woon en met die tuinier se nuuskierige boekwurm-seun vriende maak. En, in 'n storie wat my aan Ivan Vladislavic se *Missing Persons* laat dink, is daar mev. Pringle wat self ook 'n bietjie wegraak en dan saam met die huishulp die huispolitiek omtower. Daar is ook die ouer, plattelandse Deborah Kleinhans wat stad toe reis om 'n jong kleinniggie met wie sy lank nie kontak gehad het nie, te ontmoet.

MENING: Wicomb se tematiese fokus is heel interessant. In die algemeen is dit verhale waarin die karakters sukkel om alledaagse kulturele raaisels op te los. Telkens laat dit hulle verboue-reerd, maar die karakters verstaan dikwels dat hierdie toestand 'n gevolg is van die botsing tussen enersyds hul eie vooroordele en insig, en andersyds verskille in kultuurnorme.

My gunsteling is "Another Story", oor Kleinhans en haar kleinniggie. Met haar gewone, plattelandse perspektief en insig bied Kleinhans 'n soms snaakse maar te alle tye vervreemdende blik op alles om haar, en hier vind ek Wicomb op haar beste: die doodgewoonste karakters wat die gesofistikeerdste sekerhede katswink kan slaan.

Maar ek is onseker oor die onewe gehalte van die verhale. Dikwels het ek in vertelraaisels verdwaal – ek moes terugblaai om tydswisselings te vind, om dubbelsinnige voornaamwoord-gebruik op te klaar, of om te wonder of die los drade in verhale deel is van 'n postmodernistiese oop slot of nie.

Die boek sou ook kon baat by 'n noukeuriger proeflees.

Resensent: Rustum Kozain

BOEKE-INSIG SÊ: Op haar beste bly Wicomb 'n groot plesier, maar hier is sy nie altyd op haar stukke nie.

My Brother's Book



Jo-Anne Richards
Picador Africa (R164)

OPENINGSINNE: "I was born on page 23 of my brother's book. On page 52, before the whole world, I betrayed him."

DIE STORIE: Dis die Oos-Kaap van die vroeë 1970's waarin twee jong kinders, Tom en Lily, deur Pop, hul lewensgenieter-pa met die verantwoordelikheidsin van 'n klein hondjie van die een dorp na 'n volgende gesleep word. Die kinders word groot in goedkoop dorpshotelletjies, waar Pop sy aande in die kroeg deurbring en van waar hulle middernagtelik vlug sodra dinge vir hom te warm word. Vanweë sy gluiperd-reputasie bly die kinders buitebeentjies in elke nuwe gemeenskappie waarin hulle oornag uitdop, nooit "goed genoeg" vir die wit kinders van die dorp nie, maar "dárem" vir die bruines. Lily, die jongste, beleef hierdie lewe as groot avontuur, maar Tom bou 'n bitter woede op wat hy later as anti-apartheidsaktivis uitleef en wat hy nóg later in 'n outobiografie/memoir uitstort. Lily lees dit en tree via die leser met Tom in gesprek. 'n Ou kalwerliefde van Tom, Miranda, gee ook háár perspektief op die verlede soos uitgebeeld in Tom se boek. Tussen die drie se vertellings ontvou 'n verhaal van liefde en verlies, politieke verset en verraad en 'n lewenslange soeke na versoening, boetedoening en geborgenheid.

MENING: 'n Komplekse maar hoogse genotvolle verhaal oor die belewenis van waarheid binne gesins- en politieke verband. Net 'n soutpilaar sal nie aangegryp word deur Lily se hipnotiserende openingsin en haar oorrompelende weergawe van hul verlede nie. Richards se uitstekende landskap-beskrywings en vernuftige vasvang van 'n tydsidioom spreek van 'n gedugte talent. So ook haar vermoë om 'n verhaal uit drie verskillende monde en tussen die hede en die verre verlede só oortuigend en spanningsvol te laat vlot. Enigste flenter kritiek is teen Tom se deel van die boek – veral sy verhouding met sy "broer" en medeaktivis Melvin wat soms onoortuigend voorkom.

Resensent: Karin Brynard

BOEKE-INSIG SÊ: Skaf aan. Jy gaan nie spyt wees nie.